1 Junie 2020

Die Coronavirus, Onluste en Moderne Profete

Inleiding

Amos 3:7 sê dat God niks doen tensy Hy sy besluite nie eers aan Sy profete bekend maak nie, maar hierdie skrifgedeelte word gewoonlik deur moderne profete aangehaal om hul eie voorspellings te regverdig. Dit is egter eienaardig dat die gedeeltes in die dieselfde konteks wat verklaar wat met profete gedoen moet word wat valse uitsprake maak, totaal geïgnoreer word.

Mag profete bevraagteken word?

Laat Paulus die antwoord gee:

> *"Laat twee of drie profete spreek **en die ander dit beoordeel**"* (**1 Kor. 14:29,** my beklemtoning).

Om hierdie opdrag van Paulus te kan gehoorsaam sal gelowiges versigtig moet wees voordat hulle sê dat God vir hulle iets gesê het. In plaas daarvan om so maklik te sê *"God het met my gepraat*", *"God het my gewys"* of "*God told me*" sal hulle moet leer om nie die Naam van die Here te betrek by hul uitsprake nie en dit aan hulle hoorders oorlaat om te onderskei of dit wat hulle sê, geïnspireerd is of nie.
Die probleem met moderne profetiese uitsprake is dat hulle vertrekpunt op 'n **valse aanname** berus. As wat God sê nie bevraagteken mag word nie, dan, volgens dié aanname, mag ek nie hul uitsprake beoordeel nie. Maar dit is nie wat Paulus ons leer nie.
Ek wonder wat iemand sal sê as ek, ter inleiding van my artikel, gesê het dat God met my gepraat het en vir my gesê het om hierdie artikel te skryf? Ek sou nie waag om dit te sê nie. Wat ek wel kan sê is dat ek, na diepe nadenke, gereageer het op wat in die Woord geskrywe staan in verband met valse uitsprake in die Naam van die Here.

Die wanbegrip dat daar nie geoordeel mag word nie

Ten eerste moet daar verstaan word dat daar 'n verskil is tussen om te beoordeel en om te veroordeel. In **Matt. 7:1** verklaar Jesus dat ons nie mag oordeel nie, en dan klink dit of Hy homself weerspreek deur 'n paar versies vorentoe sê dat ons dit wel moet doen:

> *"Pasop vir valse profete…"* **(Matt. 7:15-16).**

Wat word ons beveel om te oordeel?

1. **Alle uitsprake en lering moet beoordeel word (1 Kor. 14:29, Judas 1:3, 1 Tim. 4:16).**

> *"Geliefdes, moenie sommer almal glo wat daarop aanspraak maak dat hulle deur die Gees optree nie. **Toets hulle** om te bepaal of dié bepaalde gees sy oorsprong by God*

> *het, want daar het reeds baie vals profete in die wêreld ingekom"* **(1 Joh. 4:1-2**, NLV, my klem).

2. Ons moet onsself beoordeel **(Matt. 7:5).**
3. Ons moet alle dinge beoordeel **(1 Thess. 5:21, 1 Kor. 2:15).**
4. Wanneer immoraliteit binne die kerk voorkom, word die gemeente beveel om te oordeel en op te tree **(1 Kor. 5:11-13).**

Afleiding

Volgens die Skrif raak God verontwaardig as daar dinge in Sy mond gelê word wat Hy nooit gespreek het nie:-

> *"Maar die profeet wat so **vermetel** is om 'n woord in my Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie...dié profeet moet sterwe. En ...hoe sal ons die woord weet wat die HERE nie gespreek het nie? — **as die profeet in die Naam van die HERE spreek, en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dit die woord wat die HERE nie gespreek het nie;** deur vermetelheid het die profeet dit gespreek; **jy mag vir hom nie bang wees** nie* (**Deut. 18:20-22**, my beklemtoning**).**

Vandag mag ons nie meer persone wat valse uitsprake in die Naam van die Here maak met klippe doodgooi nie, maar die beginsel dat persone en wat hulle sê getoets moet word, is steeds van krag. In dié opsig word die gemeente in Efese deur die Heer gekomplimenteer:-

> *"Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid…en **dat jy dié op die proef gestel het** wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het"* (**Open. 2:2**, my klem).

Sommige moderne profete se uitsprake

In Januarie, 2020, het twintig toonaangewende profete van die New Apostolic Reformation (NAR) en die Charismatiese beweging, op Sid Roth se TV program *It's Supernatural*, verklaar wat God aan hulle gesê het wat in die komende jaar gaan gebeur. Sien:

Youtube –20 Prophetic Words for 2020) https://loveforhispeople.com/2020/01/22/20-prophetic-words-for-2020-sid-roths-its-supernatural/.
https://www.youtube.com/watch?v=lOJ6O1n49FA?.

Hier volg 'n opsomming van die dinge wat God skynbaar vir hulle gesê het:-

Perry Stone verklaar dat daar 'n groot uitstorting van die Heilige Gees gaan plaasvind.
Patricia King voorspel dat 2020 'n *"year for America"* gaan wees met 'n "*increase of grace."*
David Herzog voorspel ook 'n groot herlewing.
Joan Hunter doen 'n wiskundige berekening en wys dat die Gregoriaanse kalender in 2020 met die Joodse kalender ooreenstem. (???).
Jeremiah Johnson voorspel 'n *"boom in the upperroom!"*
Katherine Ruola verklaar dat 'n *"wave of harvest"* aanbreek. Dit gaan ook 'n jaar van *"declaration*" wees.

Glenda Jackson verklaar dat God vir haar gesê het dat die kerk in 2020 "*double redemptive power"* gaan ontvang.
Kevin Zadia sê *"the Glory of God is coming on the earth"* en "*God will show Himself in services!"*
Ana Werner verklaar: *"2020 will be the year that all the puzzle pieces will come together..."*
Mario Murillo sê dat God aan hom gesê om lewe te kies en God te vertrou vir herlewing.
David Hernandez verklaar dat groot wonderwerke gaan plaasvind.
Cindy Jacobs sê dat as jy God se profete glo, jy voorspoedig sal wees!
Larry Sparks voorspel dat die "*3rd missing wave of God"* gaan plaasvind!
Tracey Cooke sê hy het van God gehoor dat in 2020 "*unanswered prayers will be answered"* en dat God *"prophetic snipers"* gaan oprig wat so genoem gaan word na aanleiding van hulle akkurate voorspellings!
Lana Vawser voorspel dat daar in 2020 'n manifestasie van God se beloftes gaan wees en dat Hy gesê het "...*you'll occupy the land..."*
Hank Kunneman verkondig dat daar groot publieke byeenkomste en stadiums vol mense sal wees (???).
James Goll verklaar dat God gesê het dat daar in 2020 stadiums vol mense sal wees en dat 1 Biljoen jeugdiges gered gaan word!
Hakeem Collins sê dat 2020 die *"greatest year of wealth transfer from the world to the church"* gaan wees!
Dr. Clarice Fluitt sê God het aan haar geopenbaar dat daar *"new sounds and frequencies in worship"* gaan wees en dat ook 'n groot *"transfer of wealth"* na die kerk toe gaan plaas vind.
Kynan Bridges verklaar dat God het aan hom geopenbaar dat *" the way you honour the prophet will determine how you will prosper...!*" en "*You need to sow into the prophetic ministry."* Dan natuurlik ook weer die *"transfer of wealth"* wat vanaf die wêreld na die kerk toe sal vloei!
Shawn Bolz word op *Fox News*, 3 Maart, in verband met die virus pandemie aangehaal waar hy verklaar dat die Coronavirus nie 'n pandemie is waarvoor mense moet bang wees nie ("*Not going to be the pandemic people are afraid of").*

Die bekende leier in die *Toronto Blessing* beweging, **Rodney Howard-Brown**, het verklaar dat hy Florida skoongemaak het van die Corona virus! Maar net Florida, omdat hy nie vir die res van die wêreld verantwoordelik is nie! Sien:
https://www.orlandoweekly.com/Blogs/archives/2020/02/26/tampa-pastor-who-claimed-to-cure-zika-now-says-he-will-cure-florida-of-coronavirus.

Kenneth Copeland, leier in die "*Word of Faith*" beweging het die volgende op Youtube verklaar:

> *"Standing in the office of the prophet of God, I execute judgement on Covid19...I execute judgement on you Satan....it is finished over America, sayeth the Mighty Spirit..."* Sien: *https://www.youtube.com/watch?v=OSIrQBGfUtw.*

As daar na al hierdie profetiese uitsprake gekyk word, maak dit net nie sin dat profete wat so dikwels **Amos 3:7** aanhaal en wat so volledig kan voorspel wat in 2020 gaan gebeur en wat daarop aanspraak dat hulle in hulle byeenkomste van die Here hoor in verband met wie allerhande soorte siektes het, nie 'n woord vooraf gerep het oor 'n komende pandemie wat die dood van duisende mense sou veroorsaak en wat die hele wêreld se ekonomie sou lam

lê nie! **Dit is ook snaaks dat hulle niks voorspel het van die huidige rasseonluste wat in die strate van Amerikaanse stede uitgebreek het en wat motors en geboue in rook en vlamme laat opgaan nie!** As ’n mens na die nuusberigte op CNN kyk, in plaas van *“glory coming to America,”* sien ’n mens net mooi die teenoorgestelde aan die gebeur.

Ander moderne profete se uitsprake

Bill Hamon van Christian International Ministries, wat as “*the pioneer of the prophetic move”* bekend staan, verklaar aan die begin van Januarie 2020 dat die jaar wat voorlê die “year of the prophets” gaan wees. Let wel, hy praat nie net namens God nie, maar gaan nog verder en praat in ’n manier wat klink asof dit God self is wat praat! Hy lei sy profesie in met *“God says...glory is coming”,* en gaan dan ewe rustig voort om te voorspel hoe daar in 2020 herlewing, genesings, tekens en wonderwerke oor die hele wêreld gaan plaasvind. Volgens hom het die aartsengel Migael hom die planne gewys van hoe die kerke bymekaar gaan kom en **hoe die rug van Satan gebreek gaan word**! Daarvoor, volgens hom, gaan God vir Christene nuwe oorlogswapens gee wat hulle nog nooit vantevore gehad het nie! Sien: https://www.youtube.com/watch?v=WakAWKdS4p8.

Op 23 November, 1982, het ek saam met Bill Hamon ’n byeenkoms van ’n paar duisend mense in Pretoria gelei en aangehoor hoe hy profeteer dat ons kerk teen die jaar 1990 twintig duisend lidmate sou hê! Na my bedanking het ek in 1990 gaan verneem of die profesie in verband met die twintig duisend lidmate toe waar gekom het. Dit het nie en die getal lidmate was maar nog steeds om en by soos dit voorheen was.

Oor een van die hoof leiers waaroor geprofeteer is dat hy ’n “*pastor of pastors*” wêreld wyd sou word, is ’n paar jaar daarna op 57 aan ’n hartaanval oorlede sonder dat die profesie bewaarheid is! Een van die ander leiers oor wie ook wonderlike dinge in die Naam van die Here voorspel is, is saam met sy vrou en kind in ’n motorongeluk oorlede. Dit sal my te lank neem om al die profesieë waarvan ek persoonlik weet wat deur Bill Hamon en ander profete uitgespreek is en waarvan niks gekom het nie, op te noem.

Wat hierdie tipe van profeteerdery ’n ernstige saak maak is die feit dat dit in die Naam van die Almagtige God gedoen word! Terme soos “*God het met my gepraat*” en “*God het my gewys”* en “*God told me*” word op ’n onverskillige en lasterlike manier gebruik sonder dat ‘n wenkbrou daaroor gelig word! Ter illustrasie van hoe Bill Hamon en andere, woorde in God se mond plaas, haal ek aan uit ’n transkripsie van sy profesie aan my. Die inleiding begin met “*And the Lord God would say, Son, I saw you where you were*”. Dit het geklink asof dit God self was wat met my gepraat het! Nodeloos om te sê, daar het absoluut niks van gekom nie.

Danie Slabbert, ’n profeet van *The River International Ministries* wat saam met Angus Buchan en Neville Norden op ’n profetiese konferensie in 2017 opgetree het, het jare terug in **’n profetiese visie vir 2008** die volgende verklaar*:-*

> *“Die massa mobilisering van Christene is God wat ’n weermag laat verrys wat vreesloos en effektiewelik stede en nasies gaan transformeer.” http://nico.innovationtrampoline.com/2015/02/23/valse-profesie-oor-suid-afrika/.*

Die invloed van valse profete in Suid- Afrika

Rick Joyner van *Morningstar Ministries*, het vanaf 25 tot 27 Julie, 2012, saam met Angus Buchan, profeet Danie Slabbert, Dr.T.E.Mbedzi en Neville Norden by ’n profetiese konferensie by *Die Lewende Woord* in Pretoria opgetree. In sy boeke maak Rick Joyner die een vreemde uitspraak na die ander. In die laat 90’s het hy byvoorbeeld gesê dat die Here hom gewys het watter groot paniek op die aarde sou ontstaan met die oorgang na die nuwe millenium en die 2YK verskynsel. Die jaar 2000 het gekom en gegaan sonder dat enigeen van die dinge wat hy voorspel het, gebeur het. Sien:
http://wideawakechristian.blogspot.co.za/2016/12/false-teacher-of-year-2016.html.

Rick Joyner se valse profesie oor Suid - Afrika

Die volgende is ’n kwotasie uit Rick Joyner se *Morning Star Prophetic Bulletin #5:*

> *“On May 16, 1993 I had a vision of racial violence erupting in South Africa on an unprecedented level. Whites were killing blacks and blacks were killing whites by the thousands. The government completely lost its authority and there was anarchy throughout the nation. Whites and blacks would kill each other by the thousands... The killing was so widespread throughout the country that the United Nations expressed helplessness, confessing that the situation had deteriorated beyond anyone’s ability to intervene to bring order and stop the killing”* Sien:
>
> *ttps://www.morningstarministries.org/resources/special-bulletins/2003/world-war-iii#.WMI1jdJ97Z4 (http://wideawakechristian.blogspot.co.za/2016/12/false-teacher-of-year-2016.html.*

Gedurende die Bloedmaanverskynsels het hy ook saam met verskeie moderne profete, dinge voorspel wat nooit gebeur het nie. Hier is ’n paar ander uitsprake uit van sy boeke:

> *"What is about to come upon the earth is not just a revival, or another awakening..."*

Die verandering volgens hom sal “***even the very definition of Christianity***" verander.
(Rick Joyner, The Harvest, "Joel’s Army", My beklemtoning*)*

> *“Miracles which exceed even some of the most spectacular biblical marvels will cause whole nations to acknowledge Jesus. ... The appearances of angels will be so common that they will cease to be related as significant events.* ***The Lord Himself will appear to councils of*** **apostles** ***and elders*** *to give them directives*.” *(Rick Joyner, The Harvest, bladsy 33,* My beklemtoning).

In sy boek, *The Final Quest*, skryf Rick Joyner dat die Here vir hom gesê het dat kritiek teen hom “Satan’s ultimate deception” is!!

Dominionism of die **Koninkryk-Nou beweging**

Rick Joyner en die wat hom volg is vasgevang in die onskriftuurlike dwaling waarop die

"Dominion Teaching" of "Kingdom Now" teologie gebasseer word. Aanhangers van die teologie verkondig dat die kerk "dominium" oor Satan gaan neem en dat 'n utopiese toestand hier op aarde geskep gaan word. Hierdie leerstelling veroorsaak groot opgewondenheid onder vele Christene. Dit lei egter tot 'n tipe militante gesindheid waar kritiek of teregwysing op geen manier geduld word nie.

Die vraag moet nou gevra word: **Wat soek Neville Norden en Angus Buchan in Rick Joyner se geselskap?** Is dit deur onkunde of naïwiteit? Daar is egter een feit wat vasstaan: as hulle enigsins bewus is van die onwaarhede wat uitgespreek word in die Naam van die Here is hulle skuldig deur assosiasie en onderskryf hulle die doelstellings van die "New Apostolic Reformation" (NAR). Het dié wat saam met Rick Joyner by Die Lewende Woord opgetree het, ooit die moeite gedoen om sy boeke soos **The Harvest, The Final Quest, The Call** en **The Hordes of Hell are Marching** te lees? Het hulle kennis geneem van sy valse leringe en sy valse uitsprake? As hulle het, dan spreek hul stilswye boekdele.

Wat kommerwekkend is, is die feit dat menigtes van geestelike honger en soekende mense wat na Die Lewende Woord in Pretoria gestroom het, insluitende kerk leiers, onder die invloed van Rick Joyner gekom het vir een groot rede, en dit is omdat die bekende Oom Angus Buchan ook daar opgetree het!

Valse verklarings van herlewing en voorspoed in Suid-Afrika

Een ding wat die moderne profete in gemeen het is die feit dat hulle elke jaar herlewing voorspel, en omdat dit gewoonlik in getalle gemeet word, word daar gedurig met nuwe "visies" voor die dag gekom om dit te bewerkstellig. Hierdie punt kan nie genoeg beklemtoon word nie. **Dog word daar selde gehoor dat die Skrif leer dat soos die eindtye nader, daar baie valse profete gaan wees en dat daar moeilike tye gaan kom (Matt. 24:4-8; 2 Tim. 3:1-5**).

"Heaven opened over South Africa," "Herlewing is hier, sê leiers" – 2008

*"Kaapstad, Kokstad, Malelane, Nelspruit, Johannesburg, Uitenhage, Durban, Pretoria, Dwaalboom, Polokane...oral...**die Vuur van God brand in Suid-Afrika!"***
*(*Aanhaling uit *Die ErdeKruik, The Vessel,* Maandkoerant, **July/Aug.2008**, met Angus Buchan op voorblad, my beklemtoning*)*

Die "Fire Trails"

Gedurende **Maart, 2011**, was **Angus Buchan, Graham Power** en **Elza Meyer** betrokke by die "*Fire Trails"* wat ten doel gehad het **om die dinge te verander** deur herlewingsvure deur die land aan te steek. Die "Woord van die Here" is toe ook oor die land uitgespreek. Daar moet maar self geoordeel word hoeveel dinge sedertdien prakties in ons land verander het! Sien: *https://www.fireablaze.co.za/samandate.*

"The dedication of the nation to Christ" – 2012

In 2012 is daar toe weer deur ’n ander groep ’n groot saamtrek in Bloemfontein georganiseer om die Vrystaat en die land aan God op te dra. Die doel daarvan was ook weer om die land te transformeer. Die volgende is ’n uittreksel uit een van die groep se omsendbriewe:-

> *“The dedication of the nation to Christ will facilitate evangelism, **fast track answers to prayers**, increase the possibilities of **righteous and ethical political leaders** and generally provide the spiritual infrastructure necessary for transformation. **South Africa as a nation, can then be listed as a sheep nation and an official agent of Christ’s coming kingdom**”. Sien: Newsletter of Institute for Christian Leadership Development, 15 February 2012 (*my klem*).*

April, 2017 – Angus Buchan

Omdat Angus Buchan saam met Rick Joyner op ’n profetiese konferensie in Pretoria opgetree het kan ’n mens vra of hy ook onder die invloed van die NAR profete is en of hy hulle leerstellings onderskryf? Dit lyk so, want op ’n groot saamtrek in April, 2017 in Bloemfontein, verklaar hy dat God hom ’n mandaat gegee het om aan Satan te sê *“So far, and no further*!” Ek het Angus Buchan gekontak en hom gevra om aan my te verduidelik hoe God hom die mandaat gegee het om so uitdagend met Satan te praat, ’n mandaat wat die aartsengel Migael nie eers gehad het nie! **(Jud.1:9).** Sy antwoord was dat dit weens sy verhouding met die Here was en sy sistematiese lees van die Bybel.
E-pos, *Shalom trust <info@angusbuchan.co.za,* 23/3/2017.

Op dieselfde byeenkoms haal hy **Jes.66:8** wat betrekking het op Israel se herstel in die laaste dae, geheel en al uit konteks aan en verklaar dat God Suid-Afrika in een dag gaan verander! Kort nadat Satan en sy demone op dieselfde saamtrek gebind is sodat daar vrede en voorspoed kon kom, is Bloemfontein se stadsaal afgebrand en die polisie moes betogers met skokgranate en waterkanonne uit mekaar jaag!
(Bloemnuus, 21 Junie, 2017, News 24, 21/6/2017)

Angus Buchan se verklaring oor ’n gyselaar

In ’n byeenkoms in die Christian Revival Church (CRC) in Bloemfontein, het Angus Buchan die waaghalsige verklaring gemaak dat hy onvoorwaardelik glo dat ’n sekere gyselaar wat in ’n vreemde land as gyselaar aangehou word, lewendig huis toe sou kom (*Volksblad, 1 Feb.2014*). Dit was ’n groot teleurstelling vir almal om op 6 Desember, 2014, in die media die berig te lees dat die betrokke gyselaar in die land van aanhouding in ’n skietery oorlede is. Nog voorbeelde van dinge wat hy voorspel het en wat nooit gerealiseer het nie, kan opgenoem word.

Slotsom

Dit is nie die goeie bedoelinge of karakter van persone wat hier bevraagteken word nie, maar die verontagsaming van ’n Bybelse opdrag dat alle profesieë getoets moet word deur gelowiges wat dit aanhoor. Het ongehoorsaamheid aan hierdie Bybelse opdrag bygedra tot die feit dat sommige leierfigure sulke ikoniese status onder hulle volgelinge geniet dat hulle nie meer bevraagteken word nie? As dit so is, op watter wyse kan dit uit die Woord van God gesteun word? Paulus waarsku teen dié verskynsel:

> *"Moet julle dus nie daarop beroem dat julle volgelinge van een spesifieke leier is nie"* **(1Kor.3:21, NLV).**

Die groot aanhang wat moderne profete geniet is op sigself vervulling van Bybelse profesie is:-

> *"…want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels"* **(Tit. 4:3-4).**

Dit is hieroor wat Jeremia hom al in sy tyd teen moes uitspreek:-

> *"Die profete profeteer vals...**en my volk wil dit graag so hê" (Jer. 5:31).***
> *"The prophets prophesy falsely...**and My people love it so" (Jer.5:31***, my beklemtoning***).***

Nick Maartens
Jeffreysbaai
0827826074
e-pos: nickmaartens@hotmail.com